



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 11**

**GESKIEDENIS V1**

**MODEL 2013**

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n addendum van 10 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B gebaseer op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk soos in die KABV-dokument.
2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat nodig is om die vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.
3. AFDELING B bestaan uit SES opstelvrae.
4. MOENIE TWEE opstelvrae uit dieselfde tema beantwoord nie.
5. Beantwoord DRIE vrae soos volg:
  - 5.1 Minstens EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en minstens EEN moet 'n opstelvraag wees.
  - 5.2 Die derde vraag kan óf 'n brongebaseerde óf 'n opstelvraag wees.
6. Jy moet jou kennis, vaardighede en insig in die beantwoording van vrae toepas.
7. Die blote oorskryf van die bronne as antwoorde sal jou benadeel.
8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
9. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

Beantwoord ten minste EEN vraag en nie meer as TWEE vrae uit hierdie afdeling. Bronmateriaal wat nodig is om die vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

**VRAAG 1: WAT WAS DIE GEVOLGE VAN LENIN SE NUWE EKONOMIESE BELEID (NEB) IN DIE SOWJETUNIE GEDURENDE DIE 1920's?**

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

- 1.1 Bestudeer Bron 1A.
- 1.1.1 Hoe, volgens die bron, het Oorlogskommunisme die Kommuniste bevoordeel? (1 x 2) (2)
- 1.1.2 Gebruik die inligting uit die bron en jou eie kennis om die volgende terme te definieer:
- (a) Oorlogskommunisme  
(b) Kapitalisme (2 x 2) (4)
- 1.1.3 Wat was volgens die bron die gevolge van Oorlogskommunisme? (2 x 1) (2)
- 1.2 Gebruik Bron 1B.
- 1.2.1 Waarom dink jy het Lenin afstand gedoen van die beleid van Oorlogskommunisme? (1 x 2) (2)
- 1.2.2 Haal bewyse uit die bron aan wat suggereer dat:
- (a) Daar 'n terugkeer na kapitalisme was  
(b) Die boere vryheid gehad het  
(c) Nasionalisering steeds plaasgevind het  
(d) Die NEB 'n sukses was (4 x 1) (4)
- 1.3 Gebruik inligting uit Bron 1A, 1B en jou eie kennis om te verduidelik hoe Oorlogskommunisme van die Nuwe Ekonomiese Beleid verskil het. (3 x 2) (6)
- 1.4 Raadpleeg Bron 1C.
- 1.4.1 Waarom was daar 'n afname in produksievlakke tussen 1913 en 1921? (1 x 2) (2)
- 1.4.2 Gebruik jou eie kennis van die tydperk en verduidelik waarom die tabel geen produksie van beeste en varke in 1921 aandui nie. (1 x 2) (2)
- 1.4.3 Verwys na die produksiesyfers vir graan en steenkool in die bron en verduidelik die gevolge van die NEB op die Russiese ekonomie tussen 1921 en 1926. (2 x 2) (4)

- 1.5 Lees Bron 1D.
- 1.5.1 Watter punt maak die Amerikaanse joernalis oor die NEB? (1 x 2) (2)
- 1.5.2 Deur die inligting in die bron en jou eie kennis te gebruik, verduidelik hoe die NEB die volgende beïnvloed het:
- (a) Kommuniste
  - (b) Handelaars
  - (c) Werkers (3 x 2) (6)
- 1.5.3 Haal bewyse uit die bron aan wat suggereer dat:
- (a) Oorlogskommunisme 'n mislukking was
  - (b) Die NEB 'n sukses was (2 x 1) (2)
- 1.6 Vergelyk Bron 1C en 1D. Verduidelik hoe die statistieke in Bron 1C die bewyse in Bron 1D oor die NEB ondersteun. (2 x 2) (4)
- 1.7 Verwys na Bron 1B, 1C en 1D. Skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik waarom al hierdie bronne bruikbaar sal wees vir 'n historikus wat die gevolge van Lenin se Nuwe Ekonomiese Beleid bestudeer. (8) **[50]**

**VRAAG 2: HET DIE NUWE BEDELING ('NEW DEAL') VERLIGTING GEBRING VIR GEWONE AMERIKAANSE BURGERS IN DIE 1930's?**

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C, 2D en 2E en beantwoord die vrae wat volg.

- 2.1 Lees Bron 2A.
- 2.1.1 Noem DRIE probleme wat die VSA in 1933 ondervind het. (3 x 1) (3)
- 2.1.2 Hoe het President Roosevelt probeer om die probleme wat die VSA in die 1930's ervaar het, te oorkom? (2 x 2) (4)
- 2.2 Bestudeer Bron 2B.
- 2.2.1 Watter boodskappe dra die spotprenttekenaar oor rakende die Nuwe Bedeling ('New Deal')? (2 x 2) (4)
- 2.2.2 Gebruik die afkortings in die spotprent en noem TWEE oplossings wat Roosevelt wou gebruik om meer werkgeleenthede te skep. (2 x 1) (2)
- 2.3 Vergelyk Bron 2A en 2B. Verduidelik die ooreenkomste tussen hierdie bronne rakende Roosevelt se Nuwe Bedeling ('New Deal')-beloftes. (2 x 2) (4)
- 2.4 Lees Bron 2C.
- 2.4.1 Gebruik bewyse uit die bron en jou eie kennis om te verduidelik of die skrywer glo dat die projek wat sy besoek het, 'n groot sukses was. (2 x 2) (4)
- 2.4.2 Noem DRIE verbeterings wat hierdie projek in die lewens van Amerikaanse werkers gehad het. (3 x 1) (3)
- 2.5 Verwys na Bron 2D.
- 2.5.1 Hoe beklemtoon die foto die sukses van die Nuwe Bedeling ('New Deal')? Ondersteun jou antwoord met relevante bewyse. (2 x 2) (4)
- 2.5.2 Verduidelik die bruikbaarheid van hierdie foto vir 'n historikus wat Roosevelt se Nuwe Bedeling ('New Deal')-beleid bestudeer. (2 x 2) (4)
- 2.6 Lees Bron 2E.
- 2.6.1 Verduidelik waarom Hoover krities oor Roosevelt se Nuwe Bedeling ('New Deal')-beleid was. (1 x 3) (3)
- 2.6.2 Definieer die term *diktator* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)
- 2.6.3 Hoe betroubaar is hierdie bron in die assessering van die Nuwe Bedeling ('New Deal')? Ondersteun jou antwoord met relevante bewyse. (2 x 2) (4)

- 2.7 Gebruik die inligting uit relevante bronne asook jou eie kennis om 'n paragraaf te skryf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik of die Nuwe Bedeling ('New Deal') vir gewone Amerikaanse burgers in die 1930's verligting gebring het.

(8)  
**[50]**

**VRAAG 3: HOE HET EUGENETIKA EN PSEUDOWETENSKAPLIKE RASSISME  
HITLER BEÏNVLOED OM VANAF 1933 TOT 1945 DIE MENSEREGTE  
VAN JODE EN SIGEUNERS IN DUITSLAND TE SKEND?**

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die vrae wat volg.

3.1 Lees Bron 3A.

- 3.1.1 Noem die koerant waarin die anti-Joodse wette gepubliseer was. (Uittreksel 1) (1 x 1) (1)
- 3.1.2 Wie was leier van Duitsland toe hierdie wette in 1933 uitgevaardig is? (Uittreksel 1) (1 x 1) (1)
- 3.1.3 Watter bewyse in die bron dui aan dat Rudy Barnes NIE 'n ondersteuner van die Nurembergwette was NIE? (Uittreksel 1) (1 x 2) (2)
- 3.1.4 Verduidelik waarom die Reichstag huwelike tussen Jode en Duitse burgers onwettig verklaar het. (Uittreksel 1) (2 x 2) (4)
- 3.1.5 Haal bewyse uit die bron aan wat aandui dat 'n diktator Duitsland regeer het. (Uittreksel 1) (2 x 1) (2)
- 3.1.6 Verduidelik die begrip *Ariese ras* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)
- 3.1.7 Vergelyk Uittreksel 1 en 2. Verduidelik op watter maniere hierdie uittreksels dieselfde is rakende die manier waarop die Nazi's beide die Jode en Sigeuners behandel het. (2 x 2) (4)
- 3.1.8 Verduidelik die bruikbaarheid van die *New York Herald Tribune* vir 'n historikus wat die rassebeleid van Duitsland gedurende die Tweede Wêreldoorlog bestudeer. (2 x 2) (4)

3.2 Raadpleeg Bron 3B.

- 3.2.1 Watter metodes het Göering gebruik in 'n poging om die sogenaamde 'Joodse probleem' op te los? (2 x 1) (2)
- 3.2.2 Noem die Nazileier en die organisasie aan wie Göering opdrag gegee het om die Jode uit die Duitse samelewing te verwyder. (2 x 1) (2)

3.3 Kyk na Bron 3C.

- 3.3.1 Waarom, volgens die bron, is Sigeuners na konsentrasiekampe in die Reich verskuif? (1 x 2) (2)
- 3.3.2 Wat was die rede vir die uitwissing van Sigeuners by die Birkenau-kamp in 1944? (1 x 2) (2)

- 3.3.3 Noem die dodekamp waar Sigeuners vergas is. (1 x 1) (1)
- 3.3.4 Lewer kommentaar oor hoe die Kriminele Polisie die menseregte van Sigeuners geskend het. (2 x 2) (4)
- 3.3.5 Identifiseer die land waar die meeste Sigeuners vermoor is. (1 x 1) (1)
- 3.4 Lees Bron 3D.
- 3.4.1 Verduidelik die boodskap wat die fotograaf probeer oordra het oor die rassistiese beleid wat Duitsland van 1933 tot 1945 geïmplementeer het. (2 x 2) (4)
- 3.4.2 Lewer kommentaar op die reaksie van die Duitse vrou in die foto. (2 x 2) (4)
- 3.5 Gebruik die inligting uit relevante bronne sowel as jou eie kennis om 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) te skryf waarin jy die impak van Duitsland se rassebeleid op 'nie-Duitsers' verduidelik. (8)
- [50]**



**AFDELING B: OPSTELVRAE**

Beantwoord ten minste EEN vraag en nie meer TWEE vrae uit hierdie afdeling.

**VRAAG 4: KOMMUNISME IN RUSLAND 1900 TOT 1940**

Beantwoord óf VRAAG 4.1 óf VRAAG 4.2. MOENIE albei vrae beantwoord NIE.

- 4.1 Verduidelik tot watter mate Stalin in staat was om teen 1939 Rusland van 'n agterlike landboustaat in 'n vooruitstrewende industriële staat te verander. **[50]**

**OF**

- 4.2 Stalin se ekonomiese beleid was oor die algemeen suksesvol. Die Russe het egter 'n swaar prys betaal vir sy sukses.

Stem jy saam met hierdie stelling? Evalueer Stalin se beleid van 1928 tot 1939 in die lig van hierdie stelling. **[50]**

**VRAAG 5: KAPITALISME EN DIE VSA 1900 TOT 1940**

Beantwoord óf VRAAG 5.1 óf VRAAG 5.2. MOENIE albei vrae beantwoord NIE.

- 5.1 Beskryf die oorsake en die gevolge van die Groot Depressie in die Verenigde State van Amerika gedurende die 1920's en 1930's. **[50]**

**OF**

- 5.2 Na die ongekende voorspoed gedurende die tydperk wat die 'Sewe Vet Jare' genoem word, het die Amerikaanse ekonomie dramaties ineengestort toe die Wallstraat-aandelemarkt op 24 Oktober 1929 geval het.

Ontleed die geldigheid van hierdie stelling in die konteks van die 'Sewe Vet Jare'. **[50]**

**VRAAG 6: IDEES VAN RAS IN DIE LAAT 19<sup>de</sup> EN 20<sup>ste</sup> EEUE**

Beantwoord óf VRAAG 6.1 óf VRAAG 6.2. MOENIE albei vrae beantwoord NIE.

- 6.1 Bespreek die redes vir die beleid van assimilasië (integrasie) en die gevolge op 'baster'-Australiërs gedurende die 1930's. **[50]**

**OF**

- 6.2 'n Australiese antropoloog het geargumenteer dat Australië se assimilasiëbeleid gedurende die 1930's wreed en onmenslik was.

Bespreek hierdie stelling krities in die konteks van hoe Australië die beleid van 'assimilasië' implementeer het. **[50]**

**TOTAAL: 150**